

ST. DUNSTAN

19 MEI

(909-988)



Hy word beskou as een van die grootste Christelike figure in die geskiedenis van die die Britse eilande. Hy is naby Glastonbury gebore en word later lid van die huishouding van sy oom, Athelm, die aartsbiskop van Kantelberg. Nadat hy 'n tydjie aan die hof van koning Athelstan deurgebring het, waar hy deur sy voorbeeldige lewe vyande gemaak het, gaan woon hy by Aelfheath, die biskop van Winchester, wat hom tot priester wy. Hy leef eers as kluisenaar en word toe aangestel as ab van Glastonbury waar hy die vervalle abdy weer opbou en die kloosterlewe hervorm. Die nuwe koning, Eadmund, stel hom aan as raadgewer, maar die jaloesie van die ander howelinge dryf hom weg. Hy reis 'n ruk lank deur Europa maar keer op aandrang van koning Edgar terug en word uiteindelik aartsbiskop van Kantelberg. Hy was 'n merkwaardige leier wat die Engelse Kerk tot nuwe hoogtes lei. Hy stig nuwe kerke en kloosters en deur sy toedoen word Edward die Martelaar

in 975 tot koning gekroon.